BOERE-REPUBLIKEINE: VRYHEIDSMANIFES

VERKLARING

In diepe bewustheid van ons afhanklikheid van ons Hemelse Vader, die Almagtige, as die enigste gesag en Lotsbepaler van volkere en spesifiek die Boerevolk,

1. VERKLAAR ONS, as Boere-Republikeine en lede van die Boerevolk

1.1 dat die Boererepublieke van die ZAR (Transvaal wat die republieke van Kliprivier en die Nieuwe Republiek van Vryheid ingesluit het) en die Oranje-Vrystaat, (hierna ons grondgebied genoem), state is wat internasionaal Volkeregtelik erken is en wat met wapengeweld onregmatig en onwettig deur Engeland geannekseer en van ons, die Boerevolk, afgeneem is, en wat op 31 Mei 1902 tot oorgawe gedwing is deur die volksmoord op 35 000 Boerekinders en -vrouens;

1.2 dat die Boerevolk en sy grondgebied hierna opeenvolgend deur die regerings van Groot-Britanje (1902-1910), die Unie van Suid Afrika (1910-1961), die Republiek va Suid-Afrika (1961-1994), en die huidige eegering (1994 tot op hede), met volksvreemdes verswelg word;

1.3 dat ons, die Boerevolk, se volksbestaan nooit staatsregtelik of andersins, in enige opsig in die voormelde vier tydsvakke deur enige van die genoemde vreemde regerings, erken is by die bepaling van ons lotgevalle nie;

1.4 dat, ten spyte van 'n opstand wat bekendstaan as die Rebellie van 1914, en 'n Vredes-deputasie na Versailles in 1919, die Boerevolk se aandrang op Vryheid geïgnoreer is en van die tafel afgevee is;

1.5 en dat die Boerevolk deur die genade van ons Hemelse Vader, die Almagtige, steeds bestaan en as etniese eenheid steeds die reg het om ons geskiedkundige grondgebied en vaderland te besit, te bewoon en te bewerk in vreedsame naasbestaan met ander volkere.

2. EIS ONS, as Boere -Rebublikeine, hiermee:

2.1 die herstel van genoemde Boererepublieke as ons Boerevolk se grondgebied wat ons as Vaderland uit die uitreddende Vadershand ontvang het en waarop ons as Boerevolk volle wasdom bereik het en die herstel van genoemde Boererepublieke se vryheid en soewereiniteit.

3. ROEP ONS, die Boerevolk, alle etniese Boere en diegene wat hulle as lede, nasate en afstammelinge van die Boerevolk beskou, OP om hulle te verbind tot die inhoud van hierdie Manifes en dit aan ons volksgenote bekend te stel, sodat ons, as Boerevolk, se ideaal van soewereiniteit NOOIT tot niet sal gaan nie.

Ek, die ondergetekende,

beskou my as Boere-Republikein en lid van die Boerevolk en ek verbind my tot mede-werking om die herstel van genoemde Boererepublieke se vryheid en soewereiniteit te verwesenlik.

NAAM	HANDTEKENING	DATUM	PLEK